Suider-Afrikaanse Vennootskap van Gestuurde Gemeentes

Brackendal Leesverslag 2009

Liewe broers en susters

Baie dankie dat ons julle onderhoude kon lees. Ons is baie bewus daarvan dat dit 'n besondere voorreg is, juis omdat ons weet hoe uniek elke gemeente is. Onthou asb. dat hierdie verslag nie 'n evaluering van die gemeente is nie. Dit bevat opmerkings oor wat ons waargeneem het van die kultuur van die gemeente: die waardes, die standaarde wat aangelê word vir sukses, en die persepsies omtrent God en kerkwees waarmee ons meen julle gemeente leef.

Ons wil nie te veel advies waag nie. Ons noem hoogstens dinge wat ons raakgesien het of waaroor ons gewonder het toe ons na julle onderhoude probeer "luister" het, en suggereer moontlike vrae wat dalk kan bydra tot julle eie verdere gesprek oor die reis van gestuurdheid waarop julle tans is.

Baie dankie vir die moeite wat julle luisterspan gedoen het met die onderhoude en ook met die tik van die inligting. Ons waardeer die noukeurigheid waarmee die antwoorde opgeteken is. Die mense met wie julle gesels het, het eerlike indrukke en herinneringe gedeel, en ons het elke antwoord gerespekteer, ook die buitestanders s'n. Alles het bygedra om ons 'n prentjie van die gemeente en sy kultuur te laat vorm. Julle sal self moet oordeel in watter opsigte ons prentjie met die werklikheid ooreenstem of verskil.

Ons vertrou dat die dinge wat ons opgemerk het en wat in hierdie verslag saamgevat is, julle gaan help in die proses van geestelike onderskeiding. God seën julle op dié pad wat julle saam met die Vennootskap loop, en gee aan julle die nodige wysheid, Gees-drif en energie om te doen wat Hy aan julle opdra, sodat julle vir ander tot seën kan wees. Aan Hom alleen al die eer!

Corrie du Toit
Leesspanleier

Profiel van respondente

Wat ouderdomsverspreiding betref, is die oorwig van respondente tussen 30 en 50 jaar oud(15 uit 24 persone). Daar is geen tieners ingesluit in die onderhoude nie, slegs 2 twintigers, een sestiger en een sewentiger. Kan ons aflei dat dit die samestelling van die gemeente weerspieël, of sou dit daarop kon dui dat die (jonger) middeljarige groep die doen en late in die gemeente oorheers en dat ander stemme moeiliker gehoor word?

Ten opsigte van betrokkenheidsvlak het julle afgewyk van die voorgeskrewe verspreiding van 6 F (*Family)*, 12 I (*Inside strangers)* en 6 O (*Outside strangers)* wat gewoonlik die beste kultuurbeeld bied. Julle het 9 F, 8 I en 7 O geraadpleeg. Hierdeur kan die resultate moontlik objektiwiteit inboet. Wat egter hiervoor vergoed,

is die feit dat julle 'n goeie aantal (8) persone ingesluit het wat korter as 2 jaar in die gemeente woon; dus betreklike nuwelinge wat ook nog taamlik objektief is.

Vraag 1: Beskryf die gemeente aan 'n nuwe persoon.

Brackendal word beskryf as 'n **familie-gemeente** met 'n besonder warm, vriendelike atmosfeer waar mense baie welkom en gou tuis voel, en opregte omgee ervaar. Soos 'n mens in 'n familie kan verwag, word die styl beskryf as informeel en gemaklik. Drie persone het onafhanklik van mekaar opgemerk dat die gemeente "onopgesmuk", "sonder fieterjasies" en "niks aansitterig nie" is. Dit bevestig dat dit maklik behoort te wees vir enige vreemdeling om by julle in te stap en tuis te voel.

In 'n toenemend onpersoonlike omgewing waar mense al minder kontak met bure en ander mense in die omgewing het, vorm julle'n **warm, verwelkomende tuiste** vir mense. Die gemeentelede is lief vir mekaar, kuier lekker saam by die kerk sodat daar van Sondae se "buzz" gepraat word, en vorm 'n hegte eenheid – veral soos geblyk het uit julle saamstaan met die bou van die kerk wat julle op eie houtjie onderneem en suksesvol deurgevoer het. Iemand gebruik 'n treffende beeld wanneer sy verwys na hoe hierdie geloofsgemeenskap 'n mens in moeilike tye dra en 'n "**kombers om jou vou**." Dié metafoor het ons aangegryp as 'n besonder toepaslike beeld, veral wanneer daar by 'n latere vraag melding gemaak word van die kos en komberse wat julle uitdeel waar nood is.

Dit sal na alle waarskynlikheid dan ook hierdie hegte kerngroep wees van wie die grootste **denkskuiwe** geverg gaan word in die tyd van oorgang na 'n kultuur van gestuurdheid wat ingelui is deur julle aansluiting by die Vennootskap. Ons is om julle onthalwe opgewonde oor die nuwe tydvak wat julle hierdeur betree het, en wonder wat julle eie verwagtinge van deelname aan die Vennootskap is.

Om julle te help om na te dink oor dié kultuurskuif wat van julle geverg gaan word, wys ons julle egter ook op die volgende waarnemings deur jonger persone (20+ en 30+) wat rooi liggies by ons laat flikker het: "Warm gemeente wat huislik voel.....Reik nie uit na mense buite nie, maar laat mense wat van buite kom, welkom voel." "Daar is 'n groot groep wat intiem betrokke is in die kerk, en 'n ander groep wat buite staan (soos 'n kliek wat in is, en 'n nie-kliek wat buite is)."

- Op grond hiervan het ons gewonder: Watter bates ontdek julle wat julle reeds as gawes van God ontvang het? Hoe kan julle hiervandaan doelbewus uitbeweeg om dié bates waarmee julle geseën is, met meer mense te deel?

- Hoe sou julle die pragtige omgeekombers waarmee julle jul eie geloofsfamilie toevou en versorg, kon groter brei en oopmaak om vir al God se mense in julle omgewing 'n warm tuiste te bied?

- Taal weerspieël 'n denkkultuur en kan ook 'n nuwe kultuur help skep. 'n Respondent merk op dat daar "goeie kommunikasie" in die gemeente is, maar in julle taalgebruik vind ons nog nie juis tekens van roepingstaal of "gestuurde" taal nie. Watter (nuwe) tipe taalgebruik sou byvoorbeeld vir julle kon help om meer geloofsonderskeidend tewerk te gaan, minder eksklusief te

wees, en die gemeente te fokus op die lewende God wat julle roep om 'n wyer prentjie van sy koninkryk raak te sien?

Vraag 2: Hoe kan gemeentelede leer wat dit beteken om 'n volgeling (dissipel) van Jesus Christus te wees?

Ook hier blyk dit dat julle reeds oor waardevolle bates beskik. Dis duidelik dat **omgeegroepe** by julle 'n belangrike rol speel en julle help met dissipelskap. Respondente beklemtoon **prediking en Bybelstudie** as primêre bron vir dissipelvorming. Die 40 dae-projek word genoem, en die verwagting is dat "meer van die tipe **kursusse** sal help." Die preeknotas word waardeer en gebruik vir Bybelstudie. Hieruit is dit baie duidelik dat julle soos die meeste ander gemeentes groot erns maak met die **toerusting** van lidmate met die oog op dissipelskap.

Die meerderheid antwoorde op dié vraag reflekteer egter nog na ons mening te veel van die tipiese tradisionele NG-kultuur wat ons as leesspan self maar te goed ken omdat ons self ook daardeur gevorm is – 'n kultuur met groot klem op toerusting, wat nie regtig mense motiveer tot die aktiewe navolging van Jesus Christus nie. Toe die leesspan dié taalgebruik en kultuur probeer beskryf het, het woorde soos "tradisionele vroom Bybelkennis-antwoorde" by ons opgekom. Julle spesifieke terminologie lui dat 'n dissipel iemand is wat "**betrokke raak**" by gemeente-aktiwiteite en "**inskakel**" – asof inskakeling en bywoning 'n einddoel op sigself is. Die predikante speel nog 'n sentrale rol, en dit klink asof die herder-kudde model sterk teenwoordig is.

Twee jonger respondente (30+ en 20+)se antwoorde het ons aandag getrek. Vir die een word dissipelskap saamgevat in : **tyd spandeer** met God, en deur betrokke te wees. Die ander som dit kort en kragtig op: "**Luister en leef** wat in die Woord gesê word." ('n Buitestander spreek ook die behoefte uit om "tyd te spandeer om by die Here uit te kom.")

In die leesspan het ons konsensus bereik dat dissipelskap vir ons gaan oor Jesus en oor ons daaglikse lewe. Soos Alan Hirsch sê: "You **act** your way into discipleship." Jesus stuur sy volgelinge uit, en in die proses van uitgaan en doen, leer hulle en word hulle toegerus. Sy opdrag "Volg My!" beteken "Kom, en **doen** wat Ek doen!" Om by die punt van gehoorsame navolging van Jesus te kom, veronderstel egter dat dissipels **saam** met mekaar luistertyd met die Here spandeer en dan mekaar help om te gaan uitleef wat hulle gehoor het.

Om dié rede is dit so belangrik dat daar nie - soos baie lidmate doen - net na die dominees en na kursusse gekyk moet word vir leiding nie, maar dat julle gemeenteleiers saam met die res van die gemeente tyd moet inruim om te "wandel in die Woord" en doelbewus die Here se leiding te soek (**luister**) ten einde uit te vind waar Hy reeds werk en na wie toe Hy julle spesifiek stuur (**leef**).

- Stuur Hy julle net na medegelowiges, om tussen geesgenote te leef en mekaar te versorg en te ondersteun? Na onbetrokke lidmate van die kerk? Of stuur Hy julle ook na ander mense van die omgewing sodat almal kan sien hoe God deur sy kinders werk in die wêreld?

- Die sterk klem op inskakeling en betrokkenheid by gemeenteaksies het ons laat wonder, kan dit wees dat die heersende denkpatroon onder julle gemeentelede dalk nog is dat dissipelskap hoofsaaklik gestruktureerd uitgeleef behoort te word? Is julle gemeentekultuur geneig om redelik **programgeoriënteerd** te wees? Hoeveel klem lê julle op spontane navolging van Jesus Christus in die gewone daaglikse lewe?

- In die lig daarvan dat daar geen enkele verwysing na iemand se daaglikse werksituasie is nie, sou ons julle ook wou stimuleer om te gesels oor hoeveel waarde in julle kultuur toegeken word aan die praktiese navolging van Christus in die **werkplek**? Watter voorsiening maak julle vir die geestelike voeding en toerusting van lidmate wat weens werkverpligtinge nie gemeentesamekomste of -aksies kan ondersteun nie? Hoe beoordeel die deursnee gemeentelid die feit dat sulke gemeentelede nie op die "normale" manier inskakel nie?

- Noem vir mekaar voorbeelde van geleenthede wat julle het om Jesus te beliggaam teenoor **mense buite** die gemeente. Vertel ook van **vriendskappe** wat julle buite die gemeente koester, en watter geleenthede dit bied om Jesus se gesindheid en optrede te toon.

- Hoe help die **omgeegroepe** julle om te gaan doen wat Jesus doen? Hoe word lidmaatinisiatiewe in verband met noodverligting en ander vorme van diensbaarheid aangemoedig?

- As **Jesus ons Voorbeeld** is, hoe word 'n mens meer soos Jesus? Waarmee sou Jesus Homself besig gehou het in Brackendal en die nabye omgewing? Na wie toe sou Hy eerste uitgereik het? Wie se lot sou Hy verlig het?

- Waarvoor bestaan julle gemeente? Wat doen julle om die hele gemeente deel van hierdie soort gesprekke te maak?

Vraag 3: Vertel iets wat illustreer hoe jy ervaar dat God teenwoordig is en hoe Hy werk in hierdie gemeente.

Die bewustheid van God se teenwoordigheid word dikwels ervaar in die persoonlike **hulp, ondersteuning en gebed** vir gemeentelede wat in moeilike omstandighede verkeer (9 keer). Die finansiële voorsiening vir die gemeente se behoeftes word 5 keer vermeld, en nog 3 mense beskryf die **kerkbouprojek** waar gemeentelede se talente ingespan is, as 'n Godsbelewenis, 'n "wonderwerk" wat hegte onderlinge bande gesmee het. Ander betekenisvolle opmerkings verwys na getuienisse van mense by eredienste, uitreike in die vorm van hulp aan noodlydendes, kinderdiens, kleuterkerk, doop, kinders se belangstelling in kategese, die sing van lofliedere, predikante wat die gemeente deel van hulle preek maak en "met en vir ons praat, nie verby ons nie." Ander noem ook dat die prediking vir hulle groter diepte gekry het. Wanneer gemeenteleiers vertrek het, "het die Here weer ander mense voorsien."

Dit kom voor of enkele weldeurdagte **rituele of simboliese gebare** soos kniel in gebed en name vir voorbidding op 'n kruis aanbring, die gemeente in die besonder

help om God se teenwoordigheid te beleef en ook van daaruit te leef. Dit lyk of dié soort sigbare aksie julle lidmate sterk aanspreek. Daar word dus energie vrygestel deur sulke gebeure.

Twee opmerkings wat veral ons aandag getrek het, verdien vermelding omdat dit 'n houding weerspieël wat baie werd is vir julle groei na groter gestuurdheid. Die een sien die teenwoordigheid van God in "uitreike na ander – gee om vir ander mense en **nie net vir die gemeente** nie" ('n buitestander van 30+). 'n Vyftiger uit die intieme binnekring sê: "Uit omgeegroepe raak die **kring net groter**."

- Noem vir mekaar voorbeelde van waar julle **God aan die werk** sien **buite** die kerk.

- Hoe sou julle mekaar kon aanspoor om nog meer bewus te raak van maniere waarop God in julle daaglikse leefwêreld (weg van die kerk en eredienste) werk en julle roep om met Hom saam te werk? Noem voorbeelde van **grense** wat julle nog moet oorsteek om die "kring net groter" te maak en julle omgee te wys vir ander mense in die gemeenskap. Watter **risiko's** hou dit vir julle in? Is dié risiko's groter as om self kerkbou aan te pak of die Here te vertrou vir gemeentefinansies of vir iemand se genesing?

- Die kerkbouprojek het 'n groot energerende invloed op die gemeente gehad. Ons meen die vrug van dankbaarheid en die positiewe ervaring van **samewerking** en die versterking van **hegte bande** is groot bates wat julle verder behoort te benut. Julle het ervaar en is steeds baie bewus daarvan dat die Here by julle teenwoordig is. Hoe sou julle die energie wat deur al hierdie ervarings geskep is en steeds geskep word, kon rig om as gestuurde gemeente en individue te gaan doen en leef?

Vraag 4: Beskryf 'n ervaring van betekenisvolle aanbidding van God wat jy in die gemeente gehad het.

Die **eredienste** is sentraal in baie van julle beskrywings. Dit is waar God ontmoet word, waar sy lewende teenwoordigheid ervaar word – veral by spesiale geleenthede soos Pinkster, dankseggingsdienste, inwyding van die kerk 'n besondere sangdiens of doopgeleentheid. Daar was ook nie-gemeentelede wat kom vertel het hoe hulle God ervaar het. Die name wat aangebring is op die "kruis van gebed", en geleenthede toe die kerkraad of gemeente fisies gekniel het in ernstige gebed, word – soos by die vorige vraag – weer etlike kere genoem. Die blote feit dat 12 respondente verwys na geleenthede en voorbeelde van gebedsverhoring, dui aan dat daar 'n sterk en **lewende gebedskultuur** in die gemeente aanwesig is.

Dit blyk uit die response dat mense 'n diep behoefte het om die werklikheid van God se lewende teenwoordigheid te beleef. Dit lyk of julle daarvan bewus is en of daar doelbewus momente in julle samekomste, by uitstek in julle eredienste, geskep word wat mense kan help om betekenisvolle kontak met Hom te maak.

- Wat sou julle wou hê moet gebeur tydens eredienste? Ons het gewonder of julle al iets soos 'n **eredienswerkgroep** ingestel het waar gemeentelede saam

met die dominees kan bid en werk aan die beplanning en evaluering van die weeklikse eredienste. Wat kan gedoen word om die gemeente se fokus op God en julle **aanbiddingskultuur** verder te verryk en te verdiep?

- Omdat die meeste voorbeelde wat genoem word, taamlik ingestel is op emosionele ervaring, wil dit vir ons voorkom asof baie lidmate dalk aan dié een soort **spiritualiteit** voorkeur gee. Dit sou moontlik ander spiritualiteitstipes kon uitsluit. In die lig daarvan wil ons vra of julle genoeg erns maak met die toepassing van die waardes en riglyne wat opgestel is vir die **Luisterseisoen** waarin die NG Kerk tans is. Maak gerus gebruik van rituele soos stilword en rustig luister in die teenwoordigheid van God. Help mekaar om te wandel in die Woord en spandeer tyd om rustig saam te vertoef by God. Uiteindelik sal julle vermoë om in geloof te onderskei, gebou word, en sal julle vind dat hoe meer julle fokus op aanbidding van die Drie-enige God wat by julle is, hoe duideliker sal die gemeente helderheid kry oor sy spesifieke roeping.

- Lidmate en leraars se betrokkenheid by mekaar in krisistye word ook hier genoem, asook **hulpprojekte** toe lidmate se "hande en harte oopgegaan het om ander met nood te help." Ons leesspan sou graag meer wou uitvra oor julle gemeente se hulpaksies: Meen julle die projekte waarvan gepraat word, is hulp-uit-die-hoogte (*top-down*), of staan julle regtig met opregte deernis en empatie langs die ellendiges en uitgeworpenes, soos Jesus wat tussen hulle gewandel het en toe hulle nood gesien het; as bedelaars wat die broodjie wat hulle uit genade ontvang het, met ander bedelaarvriende deel?

- Op watter maniere konnekteer julle met mense in die gemeenskap? Fokus julle op projekte, of het julle ervarings van spontane **verhoudingsbou** met God se mense wat nood het, maar ook op hulle beurt iets het om aan julle te gee? Watter ander behoeftes hoor julle by hulle behalwe dié van kos, klere, 'n werk, of 'n dak vir die dakloses? Hoe ontwikkel 'n mens 'n **hart vir alle mense** en waar kry jy die moed om **by hulle lewens betrokke** te raak?

Vraag 5: Vertel van 'n situasie waarin jy en/of ander mense by 'n probleem of konflik betrokke was en hoe dit hanteer is.

Vir ons wat buitestanders is, lyk sommige insidente wat beskryf word, met groot respek gesê, na onderonsies oor relatief klein dingetjies, glad nie oor diep geloofsake of kultuurskuiwe nie – "groot baklei oor onbenullighede" noem 'n respondent dit. Ons kry die indruk dat konflik oor die algemeen tot almal se bevrediging hanteer word, meestal met behulp van 'n dominee as bemiddelaar.

In antwoord op 'n vorige vraag het iemand die feit dat julle 'n gelukkige gemeente sonder "drama en struweling" is, aangevoer as bewys van die Here se seën. Dis egter 'n bekende feit – en gemeentes word gewaarsku - dat die gestuurde reis konflik meebring. Wanneer 'n gemeente gesamentlik gaan onderskei na wie toe die Here hulle stuur, gaan mense verseker konflikterende menings lug en met verskillende oplossings vir nuwe uitdagings vorendag kom. Dis daarom baie belangrik om leierskap te bou met die spesifieke vaardighede om **oop gesprek** en gesamentlike **geloofsonderskeiding** in die gemeente te hanteer.

- 'n Mens sou kon vra watter **waardes** julle gemeente vir julleself stel aan die hand waarvan julle konfliksituasies sou kon hanteer en besluite vergemaklik. Om die druk weg te neem van die dominee as bemiddelaar, hoe sou julle kon skuif na 'n waardegedrewe struktuur waar die waardes julle lei, en elkeen verantwoordelik is om te bly by die waardes waarop ooreengekom is? Hoe sou julle proaktief ander mense, veral persone in leiersposisies, hierop kon voorberei en hulle toerus vir die konstruktiewe hantering van konflik?

- Hoe en waar skep julle **veilige ruimtes** waar mense openhartig kan verskil en met respek na mekaar luister?

- Waarheen is die gemeente op reis? Watter **visie** bind julle saam en rig julle denke en dade? Of word mense net teen elke prys "gelukkig" gehou?

- Toe ons lees van die jeug wat 'n lapa wou bou en toe die kerkraad nie baie geneë was om toestemming te gee nie, die sisteem gesystap het deur direk na die gemeente te gaan, het ons gewonder hoe sterk funksioneer 'n tipe hiërargiese sisteem van besluite en verantwoordelikheid nog by julle. Hoe ver is julle van 'n plat, wye struktuur en die skuif van 'n bediening **aan** lidmate na 'n **bediening deur lidmate**? Hoe raak en verander dit die rol wat die leraars in die gemeente vervul?

Vraag 6: Wat maak jou angstig oor die toekoms van die gemeente, en wat gee jou hoop?

Dit tref ons hoe **min angstigheid** daar tans in die gemeente is. Trouens, minstens 6 persone sê onomwonde dat hulle geen angs oor die gemeente se toekoms het nie. Die angstigheid wat wel by 'n paar mense voorkom, is oor lidmate wat na ander gemeentes vertrek, en jeug wat wegraak, veral na belydenisaflegging. Enkelinge noem faktore wat hulle pla : tegnologiese media vervang die Bybel en Liedboek in die erediens, finansiële tekort, die uittog van Afrikaans en die Afrikanerkultuur in die breë gemeenskap, swak kerkbywoning (2) en een buitestander (40+) meen die gemeente se fokus raak te wyd – "te ver buite ons gemeenskap." Sou dit wees dat die persoon self behoeftes het wat aandag benodig?

Die sterkste indruk wat ons egter kry, is die golf van positiewe energie wat in die gemeente aanwesig is. Dit skep **sterk hoop** vir die toekoms. Die **kinder- en jeugbediening** blyk juis die sterkste groeipunt in die gemeente te wees: 9 persone grond hulle hoop daarop. Verder koppel respondente hulle hoop aan die **groei- en vernuwingsinisiatiewe** wat plaasvind. In dié verband word gesê: "Lidmate is altyd gewillig om te groei en (is) oop vir nuwe dinge. Hulle is ook ontvanklik en oop vir ander se opinies." Dat dit nie net 'n geval van goeie strategiese beplanning is nie, word bevestig deur die opmerking " Weg beweeg van die rigiede – beweeg na **Heilige Gees** se leiding. Rol van Heilige Gees erken." Dit val ons op hoeveel vertroue daar in die **leierskap** is. Hulle integriteit word aanvaar. Die gemeente beleef groei in omgeegroepe, in nuwelinge wat na vore kom en betrokke raak, en in gemeentefinansies. Dit blyk ook dat samehorigheid en belangstelling in ander mense ook bykomende bates is. Een van die treffendste response kom nogal van 'n buitestander (30+)wat kort en kragtig formuleer: "God werk in ons en deur ons."

Sou dit ook die belewenis wees van die lidmate wat nader aan die intieme binnekring beweeg?

Wanneer ons egter probeer soek vir 'n gemeentevisie wat hierdie kragtige bron van energie kan rig en stuur, ontbreek dit steeds! Dit wil dus vir ons voorkom of die gemeente meer as bereid is om hulle kant te bring, om saam te werk en baie te gee vir die instandhouding van die werksaamhede van die gemeente. Ons het egter gewonder of julle nie gevaar loop om hierdie **gawe van energie** aan te wend vir julle eie belang, naamlik die instandhouding van 'n warm, dinamiese geestelike tuiste waarheen julle kan onttrek weg van die koue, onpersoonlike, wrede wêreld waarin julle probeer oorleef nie. Dit is 'n natuurlike reaksie, en ons sou in dieselfde omstandighede waarskynlik dieselfde wou doen.

Wat sou egter die beste manier wees om dié positiewe energie wat tans aan julle gemeente geskenk word, in belang van die **koninkryk van God** te ontgin en aan te wend? Wat is julle prentjie van die toekoms van die gemeente in 'n omgewing wat, volgens julle response, al hoe kommerwekkender en bedreigender word? Een persoon spreek die hoop uit dat die gemeente sal integreer met ander kulture in die omgewing, maar vrees dan dat die huidige strukture van die gemeente nie in staat sal wees om dit te akkommodeer nie. Hoe dink julle hieroor?

Ons glo Brackendal gemeente beleef tans 'n ***kairos***-tyd, 'n tyd van gulde geleenthede wat aangegryp moet word. Dat julle dit besef en erns daarmee maak, word reeds bevestig deur julle aansluiting by die SAVGG. Mag die Gees van die Here julle blootstelling aan ander vennote gebruik om julle denke en julle bediening kragtig te vernuwe om aan sy roeping vir julle te beantwoord.

Vraag 7: Vertel hoe jy en ander voel oor die verandering wat in die afgelope 3-5 jaar in die gemeente plaasgevind het.

Die antwoorde op hierdie vraag bevestig alles wat ons reeds hierbo gesê het oor die **positiewe energie** wat tans in die gemeente aanwesig is. Respondente is positief oor die informeler atmosfeer, aanddienste vir die jeug, kinderkerk (hoewel daar voorbehoude is oor die kinders wat die erediens verlaat om kinderkerk toe te gaan)gebruik van elektroniese media, groei. Mense beleef dat die gemeente "aanpassings gedoen het om by die tyd aan te pas,""bygehou het by vooruitgang." Daar is aan die een kant dié wat opgewonde en bemoedig voel en beleef dat verandering te stadig plaasvind, en ander wat meen daar het nie veel verander nie: " Gebou het verander, maar gemeente nog dieselfde."

Ook hier sien ons 'n neiging dat mense die toekoms sien in terme van tegniese veranderinge wat uitloop op 'n "besiger" gemeente waar groter "betrokkenheid" die wagwoord is. In 'n gestuurde gemeente is die vraag egter nie na 'n besiger gemeenteprogram nie, maar na **groter fokus** van dit wat wel gedoen word, al beteken dit dat sommige aktiwiteite ingekort of vervang moet word deur dit waarvoor die Here die gemeente roep. As 'n gemeente God se roeping vir hulle wil verstaan, meen ons hulle moet insig verkry in drie dinge: in God se hart, in wie hulle is, en in hulle konteks.

- Dink die gemeente dit is 'n kwessie van "word besiger", skep meer aksiegroepe, "pas aan by nuwe tegnologie", "doen meer dinge"? Wat is die **veranderinge wat regtig nodig is** in die lig van die gestuurde roeping wat julle as gemeente van God ontvang? Watter soort veranderinge gaan julle help om julle roeping in God se koninkryk te gehoorsaam?

- Die leesspan het gesels oor die woord **"aanpassing"** wat deur 'n hele paar mense gebruik word. Om aan te pas, word deur sommige verstaan as 'n tipe van oorlewingstrategie binne 'n veranderde situasie. As jy nie aanpas nie, gaan jy onder. Daarteenoor staan 'n ingesteldheid van **konstruktief uitbeweeg** om aan te sluit by die veranderde konteks, en om die nuwe omstandighede as geleenthede te beskou wat benut kan word om jou doel te bereik. Op watter een van die twee maniere meen julle word aanpassing deur die meeste lidmate in julle gemeentekultuur geïnterpreteer?

<u>Vraag 8: Vertel hoe jy en ander voel oor die verandering wat in die afgelope 3-5 jaar in die samelewing rondom julle plaasgevind het.</u>

Ons het opregte empatie met dit wat besig is om rondom julle te gebeur. Ons begryp hoe dit julle eksistensieel raak en negatief beïnvloed. Die toename in misdaad, verlies van vrye beweging en sekuriteit, verval in Christelike waardes, veranderinge in die bevolkingsamestelling, verlies van buurskap en ekonomiese agteruitgang affekteer almal.

Presies 5 respondente sien egter hoopvolle moontlikhede in die uitdagings wat die veranderinge in julle omgewing bied. Die res se response is òf negatief òf apaties; die meeste wil laer trek teen die bedreiging, ander toon 'n onbetrokkenheid ten opsigte van die aanspreek van die veranderinge. Wat sien die 5 positiewes?

- "'n Bewustheid van geestelike groei in die gemeenskap."
- "Uitdagings : Leef volgens die Bybelse raamwerk."
- "Kleurblind grootgemaak; mense moet integreer – gemeente moet aanpas."
- "Morele waardes in samelewing swak, maar kerke gryp in en probeer 'n verskil maak."
- "Laaste jaar was swaar.... ons hoor tog ook van mense wat mekaar help."

- Wat ons die meeste opval, is dat die positiewe stemme wat geleenthede vir die koninkryk raaksien, almal aan jonger mense behoort – 20+ en 30+ ! Wat sê dit vir julle? Waar kan julle as gemeente geleenthede en ruimtes skep om na dié stemme uit julle eie geledere te luister? Hoe kan dit julle help om God in perspektief te bring en gemeentelede die groter prentjie te laat sien?

- Liewe broers en susters, julle het soveel gawes ontvang wat julle kan help om 'n gestuurde gemeente te wees. Dis Luisterseisoen..... Mag die Gees julle help om diep te luister en daardeur langs die weg van gesamentlike gebed, studie van die Woord en intensiewe gesprek te ontdek wat Christus van sy kerk verwag om te **wees** en te **doen.** God lei en seën julle op die weg van geestelike onderskeiding, en gee aan julle sy vrede.

Leesspan Stellenbosch, Aug. 2009